

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## Om die Here in Kersfees raak te sien

**Skriflesing:** Joh1:1-34;  
Joh 3:3; Eks 33:14 tot 34:10

**Teksvers:** Joh 1:14

**Sing:**

Ps 84:1,6  
Ps 32:1,6  
Ps 33:1,11  
Sb 8:1,12  
Sb 4-6:1  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Nicolene Wattel  
**Klank:** Thinus Smuts  
**Prediker:** Ds Maarten van Helden

Ons teksvers is seker een van die mees dramatiese woorde wat ooit in die wêreld uitgespreek of gehoor is. Niemand het dit nog ooit voorheen gesê of geskrywe nie en niemand het dit nog ooit weer nagedoen nie. Uniek is dit dus daarin dat die (af)gode van die mensdom nooit so iets sou doen nie. Hulle is tē verhewe (transendent) en te magtig en groot en vér. Dit is juis dáárin dat die God van die Bybel, die enigste ware en lewende God, Skepper van hemel en aarde en alles daarin en daarop, so *anders* is. Daarom dat hierdie stelling van ons teks en die openbaring wat daarin na vore kom so dramaties-uniek en aangrypen-troosvol is. Om die waarheid te sê, dink ek dat dit juis *die doel van die hele Godsopenbaring was en is*: God maak Homself bekend aan mense en die hele skepping as die God van goedheid en genade. Hy is een wat haastig is om genadig te wees en sondes te vergewe. Die vraag is vandag of jy en ek soos Moses en die dissipels in staat is om dit raak te sien...

*"As iemand nie weergebore word nie... kan hy...nie sien nie"* (Joh 3:3)

**SONDAGAAND 18:00**

## Trane word vreugde

**Skriflesing:** Jeremia 31  
en Matteus 2

**Teksvers:** Jer 31:15,16  
asook Matteus 2:18

**Sing:**

Sb 4-6  
Sb 4-4: 2,3,5  
Sb 3-3:1,2,3,4  
Ps 145:1,2,7,9  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Bertus Lourens  
**Klank:** Jan Reesink  
**Prediker:** Ds Paul vd Berg

In Matteus 2: 16-18 word vertel dat Herodes, toe hy agtergekem het dat die sterrekykers hom in die steek gelaat het, woedend geword het. Daarom het hy sy soldate na Betlehem en die hele omgewing gestuur om al die seuntjies van twee jaar en jonger dood te maak. So het die profesie van Jeremia 31:15 in vervulling gegaan. Daar staan dat daar 'n gekerm vanuit Rama gehoor was, 'n gehuil vol hartseer, want Ragel treur oor haar kinders, sy wil haar nie laat troos nie, want haar kinders was nie meer daar nie.

Teenoor die hartseer van Ragel het die Here egter volgens Jeremia 31:16 gesê dat die treuendes gerus maar stil kan word. Hulle hoef nie meer te huil nie en hulle hoef ook nie meer trane in hulle oë te hê nie! Die Here belowe dat daar teenoor al die swaarkry, 'n heerlike verwagting sal wees. Die spreekwoordelike kinders van Ragel sal uit die vyand se land terugkom. Ja daar sal 'n toekoms vir haar nageslag wees.

Wat is dit wat Ragel se diep seer, wat sy in Rama ervaar het, in vreugde sal laat kan verander?

Hoe kan daar vreugde in jou lewe wees ten spyte van seer en swaar?

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 43 Nr 40 9 Desember 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## Ons het nie krag nie!

Die krag het nou-net afgegaan. Ek bel die bure. Ja, hulle krag is ook af. Ek bel nog iemand in 'n ander deel van die dorp. Hulle het ook nie krag nie. En daar sit ons nou met die halfgebakte pere. Die radio wat gelukkig met batterye werk laat hoor so 'n uur of wat later van die kragkrisis. Eskom het probleme. Almal het nou probleme: ons het nie genoeg krag nie! Dit dreig om 'n nasionale krisis te word, al sê die minister ook wat.

Skielik besef ek hoe afhanklik ons geraak het van iets wat ons as vanselfsprekend begin aanvaar het. Jy druk mos net 'n knoppie, en siedaar... die ligte werk! Nooit gedroom dat ons weer in donker Afrika sou wees nie. En nou is dit so. Ons krag is te min. Gereeld sal ons sê: Ons het nie krag nie.

Laat my toe dink hoe ons eintlik as mense ook maar nie krag het as dit nie van bo gegee word nie! Ons lewenskrag kom immers nie uit onself nie. Eintlik is ons maar "*net kleipotte wat maklik breek... die krag wat alles oortref kom dus van God, nie van ons nie*" skryf Paulus (2 Kor 4:7). Krag wat alles oortref! In die voorafgaande verse gaan dit juis oor Christus wat in ons harte woon en daar skyn met die lig van die heerlijkheid van God. Ons is "*mense van die lig*" omdat ons Christus het wat "*die Lig vir die wêreld*" is! In sy lig sien ons die lig (Ps 36:10). Deur sy krag en genade leef ons en beweeg ons en is ons!

Tog het ons al so in die gewoonte gekom dat die Here krag gee, dat ons dit ook maar as vanselfsprekend aanvaar het. Natuurlik gee God aan ons die nodige krag vir elke dag. Dit is sy genade. Juis in ons swakheid kom sy krag in ons beter sigbaar na vore. Dan kom al die eer ook Hom toe wat ons die krag gee. As ons te veel op eie krag sou staatmaak, dan maak Hy ons weer bewus van ons swakheid (deur beproewing of teenspoed) sodat ons kan bely: "*As ek swak is dan is ek sterk*" (2 Kor 12:10).

Ons het nie krag nie!

Ja, dit is waar die Here ons wil bring. Ons het self nie krag vir die lewe en sy aanslae nie. Uit daardie besef groei die gebed: Here gee ons krag! Gee vir elke dag die genadekrag wat ons nodig het. En vergewe ons as ons dit dikwels as vanselfsprekend aanvaar het. Ons prys U, want U is ons lewe! U gee krag na kruis. U skenk ons alles wat ons nodig het om te lewe en u te dien (2 Pet 1:3).

Al gaan die krag dus af. Vir my en my bure en ook vir u elkeen is daar krag by die Here te vinde... ja, ook hier in donker Afrika!

Ds Maarten

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—[kerkkantoor@gkcenturion.co.za](mailto:kerkkantoor@gkcenturion.co.za)

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Gerrit Kamper

Alethea: Jan Reesink

Diaken: Corne du Plessis

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAAJTJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://gkcenturion.co.za))

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

### Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 409

### Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 280 589

### Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 417

### KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas



Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**

06-Jan	Karliën	Botma	B03	072 899 3144
	Jeanette	Breed	B21	082 921 8684
	Orne	Kruger	C04	082 487 1413
	Thinus	Smuts	A14	082 889 9691
	Helena	vd Merwe	A06	664 8087
	Corlea	vd Walt	B03	254 4737
08-Jan	Doret	Pretorius	C14	663 1751
	Oerka	v Tonder	C04	082 828 6119
09-Jan	Fanie	Krynauw	B13	082 561 8476
	Willemien	Kurpershoek	A02	084 651 0306
11-Jan	Riana	Carstens	C04	667 2370
	PW	Groenewald	B02	082 899 0342
	Hennie	Pretorius	A03	662 0401
	Louise	vd Walt	A11	664-3202
12-Jan	Willem	Kruger	A14	061 409 4458
	Johan	Wiegand	A11	664 2426



### DOOPLIDMATE

9 Des	Janke	Cronje	C05	082 784 8556
	Peter	Reesink	A08	079 455 4580
11 Des	Marlie	Etsebeth	B13	073 335 5944
	Leon-Andre	Lourens	A06	664 6935
12 Des	Anneke	Harmse	B01	082 462 1839
14 Des	Ernst	vd Heever	A10	072 025 2971
15 Des	Jean	du Toit	C10	072 174 5390
16 Des	Marissa	Zeevaart	B15	654 2261
17 Des	Johandri	de la Porte	A12	082 379 8533
18 Des	Nancy	Coetzee	B14	082 452 5554
19 Des	Juané	le Roux	B13	081 484 3454
20 Des	Annabelle	Steyn	B08	083 448 4128
21 Des	Reane	Kirsten	C14	084 513 3995
22 Des	Karel	v Rooyen	C15	082 824 2545
23 Des	Ruben	le Roux	C09	079 890 7457
	Sonja	Trentham	C14	079 879 6862
	Cianna	vd Walt	C15	084 904 5502
29 Des	Vianri	de Jager	C05	082 582 2600
	Carlo	Jordaan	A09	072 635 5172
01-Jan	Karlijn	Rebel	A01	667 3498
02-Jan	Daniël	Erasmus	C09	082 883 3346
03-Jan	Eben	Bond	B04	653 7270
04-Jan	Carli	du Plessis	B10	082 998 9000
05-Jan	Gerrie	Viljoen	B05	666 7427
07-Jan	Karli	Snyman	B17	073 340 4004
08-Jan	Christian	Deist	B15	083 257 4306
11-Jan	Juandré	du Plessis	A02	082 573 9236
	Daniel	Swanepoel	B05	654 7654
12-Jan	Migael	Johl	B20	083 299 1014

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685)  
[centurionflorist@discovery.mail.co.za](mailto:centurionflorist@discovery.mail.co.za)

**Plaasbestuurderpos** beskikbaar. Volledige besonderhede op kennisgewingbord. Hannelie 082 332 5528.

Lekker **tuisgebakte koekies** beskikbaar elke Vrydag tot 14 Des. Slegs gemengde pakke. R140 per kg/ R70 per 500g. Charvette 082 319 4172.

**Elektriese rolstoel** te koop R15 000. Besonderhede op kennisgewingbord. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of [hj2vdwalt@gmail.com](mailto:hj2vdwalt@gmail.com).

**Woonstel te huur** vanaf Jan 2019—R5 500pm krag uitgesluit. Ruim, 2 sk, 2 de vloer, h/v Krugerlaan en Trighardtweg, Lyttelton. Kontak Magda 0827808746

### Reformasietoer 2019

Italië, Duitsland en Switserland  
15 - 26 Junie 2019  
+/- R30000

Rome, Venisië, Wittenberg, Eisleben, Erfurt, Eisenach, Mainz, Worms, Swartwoud, Basel, Genève...

Ds Maarten van Helden 0721431855

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en oprui na die erediens is in die kombuis opgeplak.

### 9 Desember

A06 Heidi van der Walt  
A08 Ronell Hoogenboezem  
A09 Nan Viljoen





## VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

### BELYDENDE LIDMATE

9 Des	Don	Algera	B20	653 0825	24 Des	Ronnie	Anderson	B10	654 0625
	Doedo	Stavast	A07	082 379 2797		Edna	de Beer	C07	663 5016
	Jaco	Wattel	B17	082 854 1430		Gerrit	Etsebeth	B13	073 335 5944
10 Des	Andries	Bester	B11	083 252 4851	Nico	Maritz	A01	082 382 5906	
11 Des	Sonja	Styger	C14	079 886 8344	25 Des	Martie	Vilas	C14	071 683 0348
	Dihan	v Niekerk	C06	667 1784		Esmé	de Jager	A07	012 664 1647
	Phillip	Weyer	A11	079 524 8315		Rita	Erasmus	C04	072 331 4876
13 Des	Charles	vd Merwe	C02	072 545 1422	Esme	vd Berg	C15	940 9407	
14 Des	Pieter	du Plessis	B11	653 1578	26 Des	Shepard	Lekala	E01	078 820 6860
	Larissa	Erasmus	A10	082 322 6221	27 Des	Esme	Groenewald	B02	082 872 4878
	Melanie	Silvis	A05	082 972 4486		Helgard	Meyer	C06	667 1463
	Kobie	van Niekerk	C06	667 1784		28 Des	Tewie	Human	A03
15 Des	Billy	du Toit	C13	655 0235	Ludolf	Knip	B07	664 5246	
	Bertie	v Jaarsveld	B03	084 626 2425	29 Des	Jennipher	Sekhoto	E01	078 330 2942
16 Des	Martie	Malan	B07	664 7096	30 Des	Louis	van Staden	A15	654 1851
	Willem	Visser	B19	082 452 6377		Marie	Venter	C13	083 273 5642
	Leendert	Wattel	A12	345 2107		31 Des	Annetjie	Celliers	A14
18 Des	Lucie	Louw	A06	664-3094	Lize		Dekker	B18	084 550 6904
	Christo	van Staden	A15	654 1851	Cornelia		Lee	A09	654 8110
19 Des	Jaconette	de Kock	B01	654 1653	Christine		Lourens	A06	644 1214
	Minnie	Venter	A15	651 4004	Chris	Smit	A14	651 1789	
20 Des	Hannes	van Staden	A09	072 367 1182	01-Jan	Marja	Myny	A09	082 572 5235
21 Des	Tinus	du Plessis	A02	082 573 9236		Elsabé	vd Heever	A10	072 025 2971
	Christiaan	Potgieter	B04	082 353 6618	02-Jan	Dion	le Roux	C09	079 890 7457
	Philmi	v Antwerpen	A08	662 2519		03-Jan	Susan	Hoogenboezem	A03
	Phia	van Helden	A05	664 1384	Jan		Reinecke	B04	084 580 3456
22 Des	Wayne	Kleynhans	B17	072 440 8799	Lesgo		Sekhu	E01	076 138 1090
	Herman	Prinsloo	B08	083 408 6892	04-Jan	Diana	Appleby	A09	083 228 8971
23 Des	Harry	Cassidy	B13	653 5095		Minnette	de Beer	C10	643 0694
	Marthinus	Krynauw	B13	082 616 7690		Marnus	du Plessis	B09	084 727 8436
	Marlet	Roos	B09	654-1928		Anika	Lindeque	A06	082 333 7315
	Magda	Saaijman	E01	078 357 1866		05-Jan	Dehan	Pohl	A10
	Danie	vd Walt	B03	083 625 9778					

## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Meelewing word betuig met Fransa van Niekerk en familie na die afsterwe van Fransa se vader.
- Geluk aan Andries en Martie Louw wat gister in die huwelik bevestig is.

**Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**

## Kersdag

Die erediens op Kersdag begin om 08:00 olv Ds Gerrit Kruger

### Beroepe Aanvaar

- Ds SJB Lee (Hannes) van Ladybrand na Messina
- Proponent GD Oosthuizen (Orrie) na Vaalharts.

**Eljada Huis**—"Baie dankie vir elkeen se bydrae met kos, klere, skryfbehoeftes en die pragtige gehekelde kombes, om net een van baie geskenke te noem. Weet dat elke ietsie baie waardeer word."

### Dankbetuiging

Die inwoners van Monumentsig wil hiermee hul opregte dank betuig teenoor die Kerkraad en ander betrokkenis, vir die oprig van die veiligheidsreling voor die verhoog en die trappies wat na die verhoog lei. Vir ons, en sekerlik ook vir ander bejaardes in die gemeente, het 2018 se tema "Ons gee om vir mekaar" op 'n tasbare hoogtepunt geëindig.

Nogmaals ons hartlike dank vir u omgee. HS Erasmus

### Vakature: Geletterdheidsklas

Vanaf Januarie 2019 is daar 'n vakature om Engels aan 'n tiental senior dames te onderrig.

Vereistes: moet elke Donderdag vir 'n uur vanaf halfses tot halfsewe beskikbaar wees. Die dames doen groot moeite om dit binne hulle omstandighede baie getrou by te woon, dus is 'n baie positiewe, liefdevolle, geduldige, stadige en volhardende aanslag deel van die aanbieding van baie basiese Engels (min of meer Gr 2).

Opbou en uitbou van menswaardigheid is deel van hierdie klasse. Indien hierdie diens oorweeg word, kontak asb Brenda Venter (0842004700) of Phia van Helden (0825416388).

### Predikante aan diens tydens skoolvakansie

Ds Gerrit Kruger 082 964 5595 (16 Des tot 31 Des)

Ds Paul vd Berg 084 263 2055 (vanaf 1 Jan 2019)

**Skakel gerus indien u probleme/siekte/hospitalisasie besoeke wil ontvang**

Kerkkantoor open 7 Jan 2019

**Ons volgende Kommunikatjie verskyn weer 13 Januarie 2019**